



ecsponuus

Onsekere ekonomiese tye

Skommelende wisselkoerse en onsekerheid in die plaaslike en internasionale aandelemarkte voorspel niks goed vir Suid-Afrika en die wêrelddekonomie nie.

Die huidige verwickelinge skep angs oor die veiligheid en groei van beleggings- en aftreegeld. Beleggers soek na veilige geleenthede waar billike groei moontlik is en hul kapitaal veilig is.

Alles dui daarop dat die onrustigheid in die markte op iets groot afstuur en dat niemand presies weet wat gaan gebeur nie. Die wêrelddekonomie loop volgens sekere markontleders selfs die gevaar om tot stilstand te kom – wat beteken dat aandelebeurse dramaties kan val.

Die enigste ligpunt is die Amerikaanse ekonomie wat matige groei toon en waar werkloosheid ook begin daal het. Daar word groei van 2% vanjaar verwag en die Federale Reserweraad (Fed) sal na verwagting die rentekoerse vanjaar nog verhoog.

Alle oë was op die Bric-lande (Brasilië, Rusland, Indië, China en Suid-Afrika) gevestig wat veronderstel was om die redders van die wêrelddekonomie te wees. Dié ekonomieë het egter gekrimp of swak presteer. Die groot probleem is dat die Chinese ekonomie nie meer gedryf word deur nywerheids groei nie, maar deur verbruik en die diensesektor. Dit het beteken dat die aandelepryse in China aansienlik begin daal het.

Die verandering in China het tot 'n wêreldwye ooraanbod van kommoditeite soos staal en steenkool gelei, wat volgens sommige markontleders selfs so lank as tien jaar kan duur. Dit hou ernstige gevolge in vir Suid-Afrikaanse maatskappye wat kommoditeite uitvoer.

'n Teken van die veranderde ekonomiese tye is dat Suid-Afrika se uitvoere in die verlede aansienlik toegeneem het wanneer die rand verswak het. Nou, met die kwynende vraag na kommoditeite, kan ons selfs ook nie meer met uitvoere voordeel trek uit die verswakte rand nie.

In werklikheid vuur die verswakte rand inflasie aan en versprei armoede. Volgens Sasfin Securities het Suid-Afrikaners die afgelope twintig jaar, gemeet in Amerikaanse dollars, elke jaar 6% armer geword.

Die Wêreldbank het reeds gewaarsku dat Suid-Afrika dringend sal moet optree om kwessies soos arbeidsonrus en die elektrisiteitstekort te pak. Vandeesmaand het die National Union of Mineworkers se 30 000 lede begin staak wat regstreeks betrokke is by die lewering van steenkool aan Eskom se kragstasies. Dit kan tot verdere beurtkrag lei.

Slegs sowat 8% van Suid-Afrikaanse huishoudings het 'n begroting of 'n finansiële plan vir welvaartskepping en aftrede, aldus Unisa se Department van Belasting. Dit is dus geen verrassing dat slegs 17% van mense genoeg geld het om eendag af te tree en vir hulself te sorg nie.

Verbruikers leef op skuld en die banke raak al hoe strenger wat kredietverlening betref, omdat Suid-Afrika in 'n stygende rentekoerssiklus is. Daar is tans 19 miljoen Suid-Afrikaners met 'n verswakte kredietrekord. Volgens die Nasionale Kredietreguleerder is dit die meeste ooit in ons geskiedenis. Terselfdertyd word 'n rekordgetal van 10 000 huise jaarliks weens wanbetaling teruggeneem.

Die groot uitdaging vir beleggers in die moeilike ekonomiese tyd vandag is om 'n noemenswaardige opbrengs op hul belegging te verdien. Verbruikers soek na veilige beleggingsopsies waar die opbrengs vasgestel is en wat nie aan die sentiment van die JSE blootgestel is nie.

Dit is presies wat Ecsponent se voorkeuraandele bied, omdat die opbrengskoers vir al drie van die klasse voorkeuraandele vasgestel is en nie aan die wispelturigheid van die beurs gekoppel is nie. Die belegger weet presies wat hy oor die volgende vyf jaar verdien. Dit gee finansiële gemoedsrus en stel hom in staat om 'n realistiese sakeplan/begroting/inkomsteplan op te stel.



Waarom 'n Pensioenfonds?

Die behoud van aftreegeld is krities belangrik en besluite daarvoor sal in 'n groot mate bepaal of iemand sorgvry kan aftree of van almoese moet leef.

Die vraag is of die huidige pensioenfondse genoegsaam presteer en ideaal is om mens se jarelange bydraes aan die stelsel toe te vertrou?

Die Staat moedig mense aan om vir hul aftrede te spaar deur belastingkortings aan te bied. Die fondse binne die aftreefondse is byvoorbeeld vrygestel van inkomste- en kapitaalwinsbelasting wat 'n groot voordeel bied bo ander opsies soos beleggings in effektrusters. Belastingaftrekkings (tot 15% van bruto inkomste) geld ook op jou bydraes tot 'n annuïteit.

Die grootste voordeel van 'n pensioenplan/annuïteit is dat dit mense aanspoor om te spaar en boonop verpligte spaar afdwing. Hoe langer jy spaar, hoe groter die voordeel van saamgestelde groei (wat Albert Einstein die agtste wonder van die wêreld genoem het). Dit het 'n sterk positiewe impak op die groei van 'n pensioen.

'n Pensioenplan kan jou teen jouself beskerm as jy nie genoeg dissipline het om deurlopend te spaar nie. Net só sal baie mense hulle aftreegeld verkwis as hulle vroeër hul hand in die spaarvarkie kan druk.

Die teenpool is egter dat die staat beperkinge plaas op wat met die pensioengeld gedoen mag word as jy aftree. Daar is rigiede reëls wat geld wat dikwels in jou belang is, maar frustrerend vir baie mense is.

Die lid van 'n pensioenfonds wat 'n annuïteit ná aftrede uitneem mag byvoorbeeld net 'n derde van die geld belastingvry onttrek. Die ander twee derdes betaal 'n maandelikse inkomste uit en kan nie weer onttrek word nie.

Boetes van tot 30% van fondswaarde het voor Januarie 2009 gegeld as die belegger bydraes tot annuïteite gestaak het of dit opbetaald gemaak het. Dit is intussen verminder tot sowat 15% van die fondswaarde afhangende van die premiertermyn.

Dit is veral van toepassing op annuïteite wat by versekeraars in 'n polis belê word waarvan die premies voor die einde van die termyn gestaak word. Die vooruitbetaalde kommissie (soms tot dertig jaar) op die polis word as skuld op die belegging geag. Dit word dikwels as onbillike kontrakvoorwaardes beskou en verminder die aftreevoordele aansienlik.

Artikel 28 van die Pensioenfondswet bepaal die maksimum persentasies wat voorsorg/aftreefondse in verskillende bateklasse mag belê. Net 15% mag byvoorbeeld in die buiteland en net 75% in aandele belê word. Aandele presteer egter beter as enige ander bateklas en het ten spyte van drie regstellings die afgelope 25 jaar opbrengste van verbruikersinflasie plus agt persentasiepunte gelewer.

Dit beteken dat pensioenfondse in die algemeen baie konserwatief bestuur word en die opbrengste is selde meer as 8%. As koste afgetrek word, kan die opbrengs selfs net 5,5% wees. Dit is na aan inflasie wat beteken baie pensioenfondse presteer swak.

Die lewensversekeringsbedryf het in die verlede daarmee weggekome om aansienlike kostes op annuïteite te hef. Dit is die afgelope jare verlaag, hoewel aanvangs-, jaar- en fondsbestuurskoste steeds 'n wesentlike impak op fondswaardes het.

Baie mense meen dis hul eie hardverdiende geld en wil graag self hul eie finansiële welvaart bestuur en bepaal. Veral gesien in die lig van beplande pensioenfondswetgewing wat jou toegang tot jou eie pensioenfonds verder sal beperk veral wat kontantonttrekkings betref.

Die vraag is of dit sin maak om die koste (belasting) te betaal om jou pensioen uit die pensioenfondsstelsel te onttrek en dit self te belê?

Kom ons kyk na die opsies van 'n 65 jarige pensioenaris. Die eerste R170 000 sal belastingvry wees as die pensioenaris jaarliks R300 000 uit sy pensioen onttrek. As hy binne 'n marginale koers van 23% val, dan sal hy sowat 6,9% na belasting verdien as die pensioenfonds 'n goeie opbrengs van 9% lewer.

By Ecspontent sal die pensioenaris 'n na-belaste opbrengs van 9% op Klas A2 Inkomste verdien. Dit is ook die netto opbrengs aangesien Ecspontent geen koste verhaal nie.

Die opsie om 'n enkelsom kontant te trek, gee jou beheer oor jou eie pensioengeld en is 'n geleentheid om uit die rigiede pensioenfondsstelsel te kom. Jy bevry jou ekonomies en begin weer skoon. Daar is nie boetes, beheer of verskuilde kostes nie en jy weet waar jy met aftrede staan.

Dit is egter net 'n opsie vir iemand met selfdissipline wat die belegging getrou bestuur om daardie neseier vir die oudag te verseker. 

